



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

2021

VRYSTAAT

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taalstrukture en -konvensies	(40)
AFDELING D:	Letterkunde	(40)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
8. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	20 minute
AFDELING C:	40 minute
AFDELING D:	40 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: ARTIKEL EN GRAFIESE TEKS**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

**KOM ONS DOEN DIE RIELDANS!
(1.6)**

- 1 Die rieldans is 'n inheemse kultuurdans (*cultural dance*) en een van die oudste dansstyle in Suidelike Afrika. Dit is eers 'Ikhapara' genoem, maar toe die Khoitaal uitsterf, het dit die 'riel' geword.
- 2 Die Nama en Khoisan het **eeue gelede** al begin om die riel te dans. Die eerste riel is veral vir godsdienstige gebruik gedans. Die dansers het een keer per maand met nuwemaan of volmaan by 'n spesifieke boom gedans om te aanbid. Na 'n goeie jagtog het jagters ook dikwels om die kampvuur gedans om dit te vier. 5
- 3 **Vandag** word die riel steeds deur 'n groep dansers uitgevoer. Hulle dans in 'n sirkel. Plaaswerkers en skaapskeerders dans ook graag die riel. Hulle stel hulle daaglikse lewe en werk deur die riel voor, bv. hoe hulle skape skeer of hoe die bokwagter met sy bokke werk. Hulle dans sommer in die stof rondom 'n kampvuur. Wanneer die mense so dans, sien jy regtig net stof trek. 10
- 4 Die belangrikste **kenmerke** (*characteristics*) van die riel is spoed en voetwerk. Die dansers dans baie vinnig en hulle voetwerk is baie goed.
- 5 Elke danspassie "vertel" 'n ander storie. Een van hierdie stories is hoe 'n man probeer om vir 'n meisie te wys dat hy in haar belangstel. In hierdie dans gebruik die man sy hoed om haar aandag te trek. Gewone take word ook deur danse uitgebeeld (*act out/portray*), bv. hoe om die as van die askoeke af te stof. 15
- 6 Die dansers dra gewone **klere** as hulle dans. Hierdie klere is gewoonlik baie kleurvol. 20
- 7 **Diere** speel 'n belangrike rol in hierdie mense se lewens en hulle wys dit in hulle danspassies. Die dansers gebruik verskillende lyfbewegings (*body movements*) en tekens met hulle hande om diere na te boots, bv. bokke en volstruise.
- 8 Rieldansers dans altyd op lewendige, energieke **musiek**. Hulle gebruik musiekinstrumente soos die ramkie, blikkitaar en viole. Dit maak hulle sommer self. Deesdae word 'n trekklavier (*accordion*), mondfluitjie (*harmonica*) of banjo ook gebruik. 25
- 9 In 2006 het die **Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging** (ATKV) besluit hulle wil iets doen om hierdie ou en unieke dans aan meer Suid-Afrikaners bekend te stel en vir die nageslag (*future generation*) te bewaar. Hulle het met die rieldanskompetisie begin. 30

- | | | |
|----|--|----|
| 10 | Eers dans die verskillende streke se spanne teen mekaar. Die wenspanne gaan dan deur na die groot finaal, waar die land se beste rieldansers teen mekaar dans. Daar besluit die beoordelaars (<i>judges</i>) wie Suid-Afrika se kampioene is. Binne vier jaar het hierdie kompetisie een van die ATKV se suksesstories geword. | 35 |
| 11 | In Julie 2015 het die "Nuwe Graskoue Trappers" en hulle orkes uit Wuppertal aan 'n internasionale wêreldkampioenskap (<i>world championship</i>) in Los Angeles deelgeneem. Die groep het 14 goue en 8 silwer medaljes in die kategorie vir senior dansers gewen. Die orkes het ook 7 silwer medaljes gewen. | |
| 12 | In 2018 het sowat 5 000 mense die ATKV se dansfees in die Paarl bygewoon. Dit is 'n ware viering (<i>celebration</i>) van ou tradisies in 'n moderne wêreld vol tegnologie. | 40 |

[Verwerk uit Wikipedia.com]

- 1.1 Watter EEN woord sê vir ons dat ons die riel nét in Suidelike Afrika kry? (1)
- 1.2 Uit watter taal kom die eerste naam vir die riel ('Ikhapara')? (1)
- 1.3 Die riel is 'n moderne dansstyl.
Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 1.4 Hoekom kan ons sê dat die riel mense leer om saam te werk? (1)
- 1.5 Lees paragraaf 4 tot 6.
Noem DRIE belangrike kenmerke van die riel. (3)
- 1.6 Lees die twee subopskrifte (*subtitles*) hieronder.
- (a) Dans dat die stof so staan!**
- (b) Die dans wat besig is om uit te sterf!**
- Watter subopskrif, dink jy, pas die beste by hierdie teks?
Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.7 Watter kosmaak-gebruik uit die ou dae word baie keer deur die riel uitgebeeld? (1)
- 1.8 Waaruit kan ons aflei dat diere 'n belangrike rol in die rieldansers se lewe speel? (1)

1.9 Verskillende groepe het tot hierdie ou dansstyl bygedra.

Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die name of karakters in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.9.1 tot 1.9.3) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.9.1	Nama en Khoisan	A	het met die rieldanskompetisies begin
1.9.2	Vandag se rieldansers	B	organiseer die medaljes vir die internasionale wêreldkampioenskap
1.9.3	ATKV	C	kan die "vaders" van die riel genoem word
		D	moet probeer om by die oorspronklike styl van die riel te hou

(3 x 1) (3)

1.10 VOLTOOI die volgende sin.

Volgens paragraaf 8 is rieldansers kreatief omdat hulle ... (1)

1.11 Hoekom, dink jy, dra rieldansers gewone klere as hulle dans? (1)

1.12 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.12.1 en 1.12.2) en die ontbrekende woord neer.

moderne;	elektroniese;	eenvoudige
----------	---------------	------------

1.12.1 Lank gelede is net ... musiekinstrumente vir die riel gebruik. (1)

1.12.2 Vandag gebruik hulle ook ander ... musiekinstrumente. (1)

1.13 In watter jaar het die ATKV die eerste rieldanskompetisie gehou? (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Die rieldanskompetisie is nie net vir uitgesoekte dansers nie, want ...

A die Nama en Khoisan het begin om die riel te dans.

B elke danspassie vertel 'n ander storie.


C die beste dansers in Suid-Afrika dans in die finale rondte teen mekaar.


D dansers uit al die verskillende streke in Suid-Afrika kry kans om deel te neem. (1)

- 1.15 Waar woon die "Nuwe Graskoue Trappers"? (1)
- 1.16 Waarom was die medaljes wat die "Nuwe Graskoue Trappers" oorsee gewen het, so 'n groot prestasie (*achievement*)? (1)
- 1.17 " ... hulle wil iets doen om hierdie ou en unieke dans aan meer Suid-Afrikaners bekend te stel en vir die nageslag (*future generation*) te bewaar." (Reëls 28 tot 30)
- Watter sin uit die laaste twee paragrawe bewys dat die ATKV hierdie doel bereik het? (1)
- 1.18 Daar is mense wat glo dat die moderne mens nie tradisies bewaar nie. Hoe bewys die rieldansers dat hierdie mense verkeerd is? (1)
- 1.19 Hoe help die foto by hierdie teks jou? (1)

TEKS B: VISUELE TEKS

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.



- 1.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
In 2020 laai (minder/meer) ouers hulle kinders by die skool af as in 1980. (1)
- 1.21 Die persentasie leerders wat in 1980 met motorfietse skool toe gery het, verskil van die persentasie leerders wat in 2020 met motorfietse skool toe gery het. Wat lei jy hieruit af? (1)
- 1.22 Watter manier van vervoer het in 1980 nog nie bestaan nie? (1)
- 1.23  Hoe weet ons dat die kinders in hierdie prentjie skoolkinders is? (1)
- 1.24 In 2020 stap baie minder kinders skool toe as in 1980.
Gee EEN moontlike rede hiervoor. (1)
- 1.25 Hoekom is dit makliker om die inhoud van hierdie teks in 'n grafiek te lees, as wanneer die inhoud in 'n teks wat geskryf is? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: EIENSKAPPE (CHARACTERISTICS) VAN 'N GOEIE MAAT**

Jy en jou maat gesels oor vriendskap. Jy verduidelik aan jou maat wat jý dink die eienskappe van 'n goeie maat is.

- Som in SEWE VOLSINNE **DIE EIENSKAPPE VAN 'N GOEIE MAAT** op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

Mense hou nie altyd van dieselfde dinge nie. Dit maak die lewe interessant. Dit is egter belangrik dat jy en jou maat dieselfde belangstellings deel.

Dis moeilik om te maak asof jy iemand is wie jy nie is nie. 'n Goeie maat sal jou aanvaar soos jy is. Dan sal jy sommer gemaklik voel.

Jy weet jy het 'n goeie maat as hy/sy die beste in jou uitbring. Só 'n maat is goud werd. Doen moeite om só 'n vriend te behou.

Mense praat dikwels sleg van mekaar. Dis gewoonlik agter mekaar se rûe. Lojale maats is skaars. As jy só 'n maat het, is jy gelukkig.

Geen mens wil graag hoor dat hy of sy foute maak nie. Die waarheid maak mos maar seer, maar 'n goeie maat behoort vir jou te sê as jy nie reg optree nie.

Wie het nie ander mense nodig nie? Ons weet almal van Ubuntu. Daar moet iemand in jou lewe wees wat jou altyd sal bystaan.

'n Goeie maat sal graag tyd saam met jou wil deurbring. As dit nie gebeur nie, is hy/sy dalk nie die ideale maat nie.

[Eie teks]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D

**(3.1) Wat het ons hier?
Vars groente net waar jy kyk!**

(3.3) Heerlik!

(3.4) Hmmm/Pasop!

(3.5) Vol gesondheid

3.8

**(3.6) Jy eet gereeld Cup a Soup.
Dit is die (3.7) (vinnig) manier om 'n gesonde ete te maak.
Al wat jy nodig het, is 'n pakkie Cup a Soup, kookwater
en 'n (3.8) ... om die sop in te gooi.
(3.9) Cup a Soup is regtig die lekkerste sop!**

[Eie advertensie]

- 3.1 By watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde in die opskrif pas die prentjies in die advertensie? (1)
- 3.2 Die ui wat in die sop wil induik en die tamaties wat nader hardloop, wys vir ons dat die groente (hartseer) is om in die sop te wees.
Gee die ANTONIEM van 'hartseer'. (1)
- 3.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Wanneer die tamatie "Heerlik" sê, beteken dit dat die (sop lekker is/tamatie lekker ontspan). (1)
- 3.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die uitroep (Hmmm!/Pasop!) wys dat die ui met die tamatie saamstem. (1)
- 3.5 Gee die INTENSIEWE VORM van 'vol'. (1)
- 3.6 Verander die sin in 'n BEVELSIN.
Jy eet gereeld Cup a Soup. (1)
- 3.7 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.
Dit is die (vinnig) manier om 'n gesonde ete te maak. (1)
- 3.8 VOLTOOI die sin hieronder met 'n woord wat by die produk pas.
Al wat jy nodig het, is 'n pakkie Cup a Soup, kookwater en 'n (3.8) ... om die sop in te gooi. (1)
- 3.9 Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING?
Cup a Soup is regtig die lekkerste sop!
Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.10 As 'n mens sê dat iemand in die sop is, beteken dit dat die persoon ...
A dronk is.
B papnat is.
C van sop hou.
D in die moeilikheid is. (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS E

RAAMPIE 1

Jippie!! Ons gaan met vakansie.
(4.2) Ry vinniger, assebliééééé!

(4.3) Stadig oor die klippe, Zandi.
(4.4) Ek mag nie die reëls (betree/oortree) nie.

Zandi Mavis

RAAMPIE 2

Hoekom nie?
(4.5) Alle taxibestuurders doen dit dan.

(4.6) Wat is nou verkeert? Hoekom stop die verkeersman ons?

RAAMPIE 3

(4.7) Middag, Meneer. Waarmee kan ek u help?

Goeiemiddag.
(4.8) Ek wil die pakkie eetgoed vir julle gee.

RAAMPIE 4

Kyk hoe laat jy Mavis skrik. Sy het flou geval.

Ek verstaan dit nie. Ek wou net vir julle 'n (4.9) geskenk gee.

(4.10) Ja, maar sy het gedink dat ...

[Verwerk uit *Mama Taxi*]

4.1 Hoe kan ons uit RAAMPIE 1 agterkom dat Zandi bly is? (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Wanneer Zandi 'Assebliééééé!' sê, wys dit dat sy Mavis (beveel/mooi vra) om vinniger te ry. (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die antwoord (A–D) langs die vraagnommer (4.3) neer.

Wanneer Mavis vir Zandi 'Stadig oor die klippe' sê, bedoel Mavis dit figuurlik, want ...

- A Zandi praat te vinnig.
- B sy wil nie oorhaastig wees nie.
- C Zandi moenie haar aandag aftrek nie.
- D hulle ry stadig oor die klippe in die pad. (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ek mag nie die reëls (betree/oortree) nie. (1)

4.5 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (4.5) en die ontbrekende woord neer.

manipulering;	sarkasme;	stereotipering
---------------	-----------	----------------

"Alle taxibestuurders doen dit dan."

Dit is 'n voorbeeld van ... (1)

4.6 Verbeter die SPELFOUT in die spraakborrel.

"Wat is nou verkeert? Hoekom stop die verkeersman ons?" (1)

4.7 VOLTOOI die sin hieronder.

Uit Mavis se woorde in RAAMPIE 3 kan ons aflei dat sy hoflik met die verkeersman praat, want ... (1)

4.8 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Die verkeersman sê: "Ek wil die pakkie eetgoed vir julle gee."

Begin só: Die verkeersman sê dat ... (1)

4.9 Gee die VERKLEINWOORD van 'geskenk'. (1)

4.10 VOLTOOI Zandi se sin. (RAAMPIE 4)

"Ja, maar sy het gedink dat ..." (1)

[10]

VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS F**SÓ WERK 'N BRUGJAAR (GAP YEAR)**

Baie matrieks is onseker (5.1.1) (...) hulle toekoms. Ander jongmense weet wat hulle wil doen, maar (5.1.2) (kry dadelik werk). As jy (5.1.3) (dalk) wil studeer, maar daar is nie geld nie, kan jy ook 'n brugjaar oorweeg. Só 'n jaar is dan goed (5.1.4) (geld verdien). Dalk wil jy net eers 'n bietjie (5.1.5) (reis) en ander (5.1.6) (kultuur) leer ken voordat jy met jou studies of werk begin. 5

(5.1.7) (Uiteindelik sal 'n brugjaar jou kan help. Jy neem 'n finale besluit.)

'n Brugjaar is goed, want as 'n mens van die huis af weg is, leer (5.1.8) (jy/hy) om selfstandig te wees. 'n Mens leer so baie (5.1.9) (nuut) dinge.

'n Brugjaar (5.1.10) (beteken) dus nie dat jy net gaan rondloop nie. (5.1.11) (Jy beplan jou brugjaar goed). (5.1.12) (Dit maak jou gelukkig). 10

Die geheim van 'n suksesvolle brugjaar? Jy moet (5.1.13) (*understand*) waarom jy dit wil doen. Jou brugjaar mag nie (5.1.14) (sonder 'n doel) wees nie.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 7 Desember 2017]

5.1.1 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Baie matrieks is onseker (...) hulle toekoms. (1)

5.1.2 Skryf die gedeelte tussen hakies in die ONTKENNING.

(kry dadelik werk) (1)

5.1.3 Gee 'n SINONIEM vir 'dalk'. (1)


5.1.4 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Só 'n jaar is dan goed (geld verdien). (1)

- 5.1.5 Gebruik die HOMOFOON van 'reis' in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)
- 5.1.6 Gee die MEERVOUD van 'kultuur'. (1)
- 5.1.7 VERBIND die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Uiteindelik sal 'n brugjaar jou kan help. Jy neem 'n finale besluit.
(voordat) (1)
- 5.1.8 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.
'n Brugjaar is goed, want as 'n mens van die huis af weg is, leer
(jy/hy) om selfstandig te wees. (1)
- 5.1.9 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
'n Mens leer so baie (nuut) dinge. (1)
- 5.1.10 Verdeel die woord tussen hakies volledig in LETTERGREPE.
'n Brugjaar (beteken) dus nie dat jy net gaan rondloop nie. (1)
- 5.1.11 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.
Jy beplan jou brugjaar goed. (1)
- 5.1.12 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.
Dit maak jou gelukkig. (1)
- 5.1.13 Gee die KORREKTE Afrikaans vir die woord tussen hakies.
Jy moet (*understand*) waarom jy dit wil doen. (1)
- 5.1.14 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Jou brugjaar mag nie (sonder 'n doel) wees nie. (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS G



[Verwerk uit dreamtime.com]

- 5.2.1 Skryf die sin hieronder oor en verbeter die WOORDORDE.
Die drie vriende wag (rustig) (by die bushalte) (elke dag). (1)
- 5.2.2 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.
David staan in die (middle/middel). (1)
- 5.2.3 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
Susan, die (een) persoon, dra 'n rok. (1)
- 5.2.4 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
Hulle glimlag, want die bus gaan (op tyd/betyds) wees. (1)
- 5.2.5 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
Lorna dra 'n (winter + jas). (1)
- 5.2.6 Vul die ONTBREKENDE WOORD in.
Dit reën; daarom het elkeen 'n ... in sy/haar hand. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord SLEGS die vraag oor die kortverhale/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" (20) **EN** VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" (20)

OF

VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" (20) **EN** VERHAAL B: "DIE GEHEIM" (20)

OF

VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS H

"Dan meet ons uit," vertel hy, "en slaat ons penne in. En ons val weg. Ons skrik vir niks nie – bome, bosse, rotse, skuinstes, niks keer ons nie. Ons stoot daardie pad oop, maak gelyk, trap vas, plant mylpale en padpredikante. Dan ry ons terug met die pad wat ons gemaak het, lekker veertig myl 'n uur, tot op die eerste bult en ons klim uit en gaan staan daar en kyk weer na die berg wat g'n bobbejaan kon klim nie. En daar lê ons pad – netjies, lieflik, pragtig. 5

"Dit vat 'n rivier eeue om vir homself 'n lekker pad te maak. Dit vat my 'n maand."

En die ander ding, sê hy, wat so lekker is van pad maak: jy maak dit vir jou medemens. "Jy dien," sê hy. "Jy dien jou naaste soos die Bybel sê ons moet. Jy maak dit makliker vir ander mense om by mekaar uit te kom ..." 10

6.1 Wie is die hoofkarakter in die verhaal?

(Onthou: die hoofkarakter is die karakter wat die leser die beste leer ken of wat die meeste verandering ondergaan.) (1)

6.2 Na watter dorp toe was Gouws op pad? (1)

6.3 Die verteller het vir Gouws opgelaai.

6.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Toe die verteller vir Gouws opgelaai het, het hy (baie geld in sy sak gehad/baie pakkies by hom gehad). (1)

6.3.2 Waarom het Gouws dit by hom gehad? (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

"En daar lê ons pad – netjies, lieflik, pragtig." (Reël 5 en 6)

Dit wys vir ons dat Gouws ...

- A moeg was nadat hulle die pad gemaak het.
- B bang was vir die werk wat hulle gedoen het.
- C tevrede was omdat hulle vir die werk betaal is.
- D trots gevoel het op die pad wat hulle gemaak het. (1)

6.5 Die verteller en Gouws het nie dieselfde gedink oor die lang afstand tussen Gouws se werkplek en sy huis nie. Hoe het hulle gedagtes verskil? Jy moet na albei karakters in jou antwoord verwys. (2)

6.6 Gouws het vir die verteller gevra om hom by sy huis af te laai.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

6.7 Gouws het 'n eenvoudige, maar goeie lewe gelei.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.7.1 tot 6.7.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.7.1	Gouws het baie rondgetrek.	A	As Gouws by die huis gekom het, het almal gehelp om sy bagasie huis toe te dra.
6.7.2	Gouws het nuwe paaie gemaak.	B	Gouws het nie sy eie motor gehad nie.
6.7.3	Gouws was opgewonde om by die huis te kom.	C	Gouws het kort-kort op sy horlosie gekyk.
6.7.4	Gouws het elke keer vir elkeen in sy gesin iets saamgebring.	D	Gouws het deur sy werk die wêreld gesien.
		E	Dit was makliker vir ander mense om by mekaar uit te kom.

(4 x 1) (4)

- 6.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.
- Die hond het geblaf toe hy Gouws sien aankom.
 - Gouws het met al sy goedjies huis toe gestap.
 - Die gesin het vir Gouws gesien en na hom toe gehardloop.
 - Gouws het vir die verteller alles van sy huis en sy lewe vertel. (4)
- 6.9 6.9.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die tema van hierdie verhaal is (vriendskap/dankbaarheid). (1)
- 6.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.9.1 (1)
- 6.10 Dink aan die verteller en Gouws in die verhaal.
- 6.10.1 By watter een van hierdie karakters het jy geleer dat jy weer gelukkig kan wees na groot hartseer? (1)
- 6.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.10.1 deur na hierdie karakter se lewe te verwys. (1)

EN**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Dis so goed 'n nuwe duiwel kom uit 'n ander hoek gespring en kom smyt hom teen 'n nuwe folterpaal vas!
Hoekom het Willem nie gekom nie?
Wyk, Satan!
Maar die vraag word 'n skaduwee wat oral gaan waar hy gaan, en kanker aan elke oomblik van geloof waarna hy gryp. 5
As Willem kon, sou hy gekom het; as daar 'n man van sy woord was, dan was dit Willem. En hy het nie gekom nie. Hoekom nie? Miskien was Willem hier, maar kon hy hom net nie sien nie. Dan sou Willem 'n teken agtergelaat het. Soos die belofte gemaak is. Met ander woorde? Daar's niks? Willem het nie gekom nie omdat daar nie 'n Willem is nie? En nou? Nou voel jy verkul en dis te laat om te doen wat jy sou gedoen het as jy eerder geweet het. 10

- 6.11 Waar het Jakob en Willem gebly? (1)
- 6.12 Noem EEN van die dinge waarmee Jakob en Willem hulself besig gehou het. (1)
- 6.13 Gee 'n kort beskrywing van Jakob. Dink aan sy ouderdom, die werk wat hy gedoen het, sy vrouens en sy besittings. Gee jou antwoord in volsinne. (4)

6.14 Jakob en Willem het baie dinge saamgedoen.

6.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jakob en Willem het byvoorbeeld elke aand saam hulle whisky (skelm/openlik) gedrink. (1)

6.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.14.1. (1)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.15) neer.

"Maar die vraag word 'n skaduwee wat oral gaan waar hy gaan, en kanker aan elke oomblik van geloof waarna hy gryp." (Reël 5–6)

Hierdie sin wys dat Jakob ...

A nie baie bang was nie.

B baie skaam was oor sy vrees vir spoke.

C moes stilbly oor die ooreenkoms met Willem.

D gesukkel het om te verstaan waarom Willem nie gekom het nie. (1)

6.16 Willem se dood was vir Jakob baie traumaties.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.16.1 tot 6.16.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.16.1	Willem is ná drie dae in die hospitaal oorlede.	A	Jakob het gesê dat hy hoër losies sou betaal.
6.16.2	Die bestuur wou iemand by Jakob in die kamer sit.	B	Jakob het begin twyfel of daar lewe ná die dood is.
6.16.3	Jakob het van die ooreenkoms met Willem onthou.	C	Jakob het sy medisyne in die toilet gaan drink.
6.16.4	Willem het nie dadelik ná sy begrafnis die teken kom gee nie.	D	Jakob se hart was te seer om te eet.
		E	Jakob het vir Willem gesê hy was bang vir spoke en hulle moes alles los.

(4 x 1) (4)

6.17 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Na Willem se dood het Jakob die lig die hele nag laat brand omdat hy tot laat gelees het. (1)

- 6.18 Dink aan die hele verhaal.
- 6.18.1 Kies die sin wat aandui watter soort mens Jakob was.
- A Jakob het baie gedrink.
B Jakob het sy vriend waardeer.
C Jakob het die vrouens in die ouetehuis vertrou. (1)
- 6.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.18.1. (1)
- 6.19 Dink aan die slot van die verhaal.
- 6.19.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Hierdie verhaal het 'n (neutrale/positiewe/negatiewe) einde vir Jakob gehad. (1)
- 6.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.19.1. (1)
- 6.20 Gee TWEE redes waarom ouer mense van hierdie verhaal sou hou. (2)
[40]

OF

VRAAG 7: OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS J

Ek sou eers jare later die storie hoor. En ook nie die volle storie nie.

Daar was 'n jeugliefde, ja. Maar die ding het nie mooi uitgewerk nie en sy nêi is met 'n skatryk boer getroud. Haar plig was by haar man, maar haar hart was by oom Apie. Veertig jaar lank het hy haar gereeld gesien. Nee, doodonskuldig. Hulle sou somer gesels en sy sou vir hom kouse stop en knope aanwerk. En dit het hom gepas. Vir 'n gebore losloper is dit 'n bedekte seën as sy enigste liefde per abuis met iemand anders voor die kansel beland. 5

Maar so met die gesels en die kousestoppery het oom Apie skynbaar ook al sy geheime met haar gedeel. En ons het rede om te glo nie al sy geheime was ewe eerbaar nie. Hoe anders verklaar 'n mens die res van die storie? 10

- 7.1 Oom Apie was die swartskaap in die familie.
- 7.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Oom Apie was (anders as/net soos) die res van sy familie. (1)

- 7.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 7.11.1. (1)
- 7.2 Noem EEN tipe los werkie wat oom Apie in en om sy vriende se huise gedoen het. (1)
- 7.3 Gee 'n kort beskrywing van oom Apie. Dink aan sy postuur, sy hare, sy neus en sy oë. Gee jou antwoord in volsinne. (4)
- 7.4 Oom Apie het 'n interessante lewe gehad.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.4.1 tot 7.4.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.4.1	Oom Apie het baie vriende gehad.	A	Oom Apie het sy eie stoel saamgedra.
7.4.2	Oom Apie het elke maand sewe spoelklippies gesluk.	B	Oom Apie het by mense gaan tee drink en dan maande lank gebly.
7.4.3	Oom Apie se jeugliefde het iemand anders bo hom verkies.	C	Oom Apie het nie probleme met sy maag gehad nie.
7.4.4	Oom Apie het ouer geword.	D	Oom Apie het sy gestopte kouse by sy jeugliefde gelos.
		E	Geld was nie vir oom Apie belangrik nie.

(4 x 1) (4)

- 7.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.5) neer.

"Vir 'n gebore losloper is dit 'n bedekte seën as sy enigste liefde per abuis met iemand anders voor die kansel beland." (Reël 6 en 7)

Hierdie sin wys dat oom Apie ...

- A graag wou trou.
 B nie regtig wou trou nie.
 C steeds deur sy jeugliefde versorg is.
 D nooit weer 'n troue bygewoon het nie. (1)

- 7.6 Dink aan die verloop van die verhaal.
- 7.6.1 Kies die sin wat oom Apie se jeugliefde die beste beskryf soos jy haar deur die loop van die verhaal leer ken het.
- A Die jeugliefde het oom Apie nog al die jare liefgehad.
B Die jeugliefde het oom Apie nog altyd met geskenke oorlaai.
C Die jeugliefde was bereid om haar man te los om met oom Apie te trou. (1)
- 7.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.6.1. (1)
- 7.7 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.
- Die verteller het gedink dat sy ouers vir oom Apie advies gegee het om die dorp te verlaat, maar oom Apie het 'n ander plan gemaak. (1)
- 7.8 Waar het oom Apie gewoonlik geslaap as hy die verteller se ouerhuis besoek het? (1)
- 7.9 Dink aan die slot van die verhaal
- 7.9.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Hierdie verhaal het (negatief/positief/neutral) vir oom Apie geëindig. (1)
- 7.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.9.1. (1)
- 7.10 Gee TWEE redes waarom die meeste mense van hierdie verhaal sou hou. (2)

VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J van Melle

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS K

... sy mond en neus is telkens 'n tyd onder water. Toe hy homself weer losruk, sink sy, en amper het hy haar nie weer beetgekry nie. Daarvan het hy so geskrik dat hy dink: Nou los ek haar nie weer nie; dan moet ons maar saam verdrink; maar ek gaan haar nie weer los nie. Hy druk haar styf teen hom vas en probeer effens op sy rug lê om weer asem te kry, maar die water kom in sy mond. Hy sluk dit maar na binne. Dit 5 was nog die beste.

Die skip het gedraai en 'n roeiboot kom na hulle toe. Hy sien nog die skuitjie, maar hy het geen krag meer oor nie. Toe begin hy droom.

Die bootjie was net betyds, want hulle was al diep onder water en die manne kon hulle nog maar net met 'n haak bykom. 10

- 7.11 Wie is die hoofkarakter in die verhaal?
(Onthou: die hoofkarakter is die karakter wat die leser die beste leer ken of wat die meeste verandering ondergaan.) (1)
- 7.12 Leune se gesin het van Rotterdam na Kortjeen gereis. (1)
- 7.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Tydens die reis van Rotterdam na Kortjeen (moes Leune se ma baie met haar raas/het Leune verlief geraak). (1)
- 7.12.2 Hoekom het dit gebeur? (1)
- 7.13 By wie het Dou in Schouwen gaan kuier? (1)
- 7.14 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur. (4)
- Dou het vinnig sy bewussyn herwin.
 - Die kinders het styf aanmekaar geklou.
 - Dou het Leune net betyds in die water vasgegryp.
 - Dou het vir niemand van die reddingspoging vertel nie.
- 7.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer. (1)
- Dou het gedink: "Nou los ek haar nie weer nie; dan moet ons maar saam verdrink; maar ek gaan haar nie weer los nie." (Reël 3 en 4)
- Dit wys vir ons dat Dou ...
- A nie langer wou leef nie.
 - B nie goed kon swem nie.
 - C reeds verlief op Leune was.
 - D ander bo homself gestel het.
- 7.16 Die mense het ná die reddingspoging baie aandag aan Dou gegee. (1)
- Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

7.17 Dou en Leune se geheim het al lank gelede begin.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.17.1 tot 7.17.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.17.1	Die seeman het hard geskree.	A	Hy het dadelik op die krisis gereageer.
7.17.2	Dou het 'n geroep gehoor.	B	Na baie jare het Leune weer vir Dou ontmoet.
7.17.3	Leune het nooit vergeet dat Dou haar lewe gered het nie.	C	Die kinders het gereeld uit die oog geraak.
7.17.4	Leune het saam met haar ouers 'n sendingfees gaan bywoon.	D	Geen ander seun kon Leune se hart wen nie.
		E	Leune het groot geskrik.

(4 x 1) (4)

7.18 Douw het Leune se lewe gered.

Hoe het Douw en Leune se optrede daarna verskil?
Jy moet na albei karakters in jou antwoord verwys.

(2)

7.19 7.19.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die tema van hierdie verhaal is (liefde/hartseer).

(1)

7.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.19.1.

(1)

7.20 Dink aan die seeman en Douw in die verhaal.

7.20.1 By watter een van hierdie twee karakters het jy iets positiefs geleer?

(1)

7.20.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.20.1.

(1)

[40]

OF

VRAAG 8: PERDEKRAG – Cecilia du Toit

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS J

Wilma:	... Hy gaan elke week kom. Hy gaan nie hier op die plaas bly soos jy nie. Jy moet hom maar 'n bietjie help. Dinge vir hom wys en so.	
Binki:	Ek?	
Wilma:	Ja. Jy's mos nie meer bang vir die perde nie.	
Binki:	E ... nie juis nie.	5
Wilma:	Nou staan dan nader. Vandag moet jy vir Lady Jane borsel. <i>(Binki gaan die stal so huiwerig binne dat sy Lady Jane onrustig laat rondtrap.)</i> Onthou, sy weet wat jy dink. Kom hier, my ding. Vat die borsel. <i>(Wilma gee vir Binki 'n borsel, gaan staan agter haar, vou haar hand oor Binki s'n en borsel Lady Jane saam met haar.)</i>	10
	Begin hier by die nek en vryf met lang hale oor haar rug. So, en so. Sien jy, sy's mal daaroor. Sy hou van jou. Toe, doen dit nou alleen. <i>(Die klank van 'n kar wat nadergery kom, toet en stop.)</i>	

- 8.1 Voltooi die sin hieronder deur EEN woord in te vul.
Die skuinsgedrukte woorde in reël 9–11 word ... genoem, want dit beskryf wat die karakter doen. (1)
- 8.2 Wat is die naam van Wilma se perdeplaas? (1)
- 8.3 Binki het Wilma met verskillende takies gehelp, soos om die perde te borsel.
- 8.3.1 Nog EEN só 'n takie was om (die saals te olie/skottelgoed te was). (1)
- 8.3.2 Waarom moes Binki hierdie takie op die plaas verrig? (1)
- 8.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.4) neer.
Binki het die stal huiwerig binnegegaan. Dit sê vir ons dat Binki ...
- A op haar gemak saam met die perde was.
B trots was op die werk wat sy gedoen het.
C bang vir die perde was.
D bang vir Wilma was. (1)
- 8.5 Binki het nie van honde gehou nie.
Gee 'n feit uit die drama om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

8.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Binki het vir Lucky vertel hoe sy die letsels opgedoen het.
 - Binki-hulle se huis het afgebrand.
 - Binki se ma het haar op Wilma se perdeplaas gelos.
 - Lucky en Binki het mekaar ontmoet.
- (4)

8.7 Hoe het Binki en Lucky se manier van praat met Wilma verskil?

Jy moet na Binki en Lucky in jou antwoord verwys. (2)

8.8 Daar was baie hartseer in Binki se lewe.

Kies 'n gevolg in KOLOM B wat by die hartseer in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.8.1 tot 8.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.8.1	Binki se ouers is geskei.	A	Binki het 'n foto van Dukie op haar selfoon gehad.
8.8.2	Binki was skaam vir die letsels op haar lyf.	B	Binki het nie vir haar ma "Ma" gesê nie.
8.8.3	Binki het nie 'n normale verhouding met Sabrina gehad nie.	C	Binki het nie skoolvriende gehad nie.
8.8.4	Binki se hondjie is dood.	D	Binki het altyd bloese met lang moue gedra.
		E	Binki het baie min kontak met haar pa en ma gehad.

(4 x 1) (4)

8.9 8.9.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die tema van hierdie drama is die (fisiese/genesende) krag van die perde. (1)

8.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.9.1. (1)

8.10 Dink aan Wilma en Sabrina.

8.10.1 By watter een van hierdie karakters leer 'n mens om nie ander te oordeel nie? (1)

8.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.10.1. (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS K

Binki	<i>(Sy lag bitter as sy die skok op Lucky se gesig sien.)</i> Daardie aand – toe Dukie uit my arms spring, is ek agterna. Die vlamme in. <i>(Lucky staar haar woordeloos aan.)</i> Kyk mooi sodat jy weet. Sien jy? <i>(Sy wys haar arm uitdagend.)</i> Wit velle het ook letsels. Wil jy aan hulle vat? 5 <i>(Lucky skud net sy kop.)</i> Toe, jy is mos aan alles gewoond. <i>(Die foon in Binki se hand lui. Binki skrik en lyk dan bly as sy die naam van die persoon sien.)</i>
	Dis Sabrina. Maar jy het mos nou M-A gaan staan en skryf. 10 <i>(Sy draai haar rug op Lucky en loop nader aan die gehoor. Lucky gaan in die stoorkamer in en maak of hy goed regpak.)</i> Sabrina! Hallo. Ja, ek hoor. <i>(Sy luister.)</i> Dit gaan goed hier. Is jy al terug van – <i>(Sy luister. Haar stem raak klaerig.)</i> Dis volgende week langnaweek – jy't dan gesê! 15

8.11 Gee 'n kort beskrywing van Binki.

Verwys in jou antwoord net na haar ouderdom, haar persoonlikheid, in watter graad sy was en op watter manier sy skool gegaan het. Gee jou antwoord in volsinne. (4)

8.12 Binki wou nie gehad het ander mense moes haar letsels sien nie.

8.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Eendag het (Binki vooraf besluit om die letsels vir Lucky te wys/Lucky die letsels per ongeluk gesien). (1)

8.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.12.1. (1)

8.13 Waar was Binki toe sy hierdie letsels opgedoen het? (1)

8.14 Noem EEN rede waarom Lucky lelike dinge van witmense gesê het. (1)

8.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.15) neer.

"Wit velle het ook letsels."

Hierdie sin wys dat Binki eintlik vir Lucky wou sê dat ...

A haar lewe besig was om te verander.

B alle mense kan seerkry en swaarkry.

C haar brandwonde soms nog seer was.

D sy letsels gehad het wat die dokters nie kon wegvat nie. (1)

- 8.16 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

In haar hart het Binki geweet dat Sabrina verskoning gemaak het omdat sy baie besig was.

(1)

- 8.17 Aan die einde van die drama het dinge in Binki se lewe verander.

Kies 'n gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.17.1 tot 8.17.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.17.1	Lucky en Binki het saam na Dukie se foto's op haar selfoon gekyk.	A	Binki het met kaal arms al die rondte gedraf.
8.17.2	Binki se telefoongesprek met Sabrina het haar teleurgestel.	B	Lucky het vir Binki van sy lewe vertel.
8.17.3	Binki was nie meer bang vir die perde nie.	C	Die twee kinders het mekaar begin verstaan.
8.17.4	Binki het nie omgee dat ander mense haar letsels sien nie.	D	Binki het nie geskrik toe Tinkerbelle langs haar draf nie.
		E	Binki het besluit dat sy haar ma nie meer nodig het nie.

(4 x 1)

(4)

- 8.18 Dink aan die hele drama.

- 8.18.1 Kies 'n sin hieronder wat Wilma se houding teenoor Binki die beste beskryf soos wat jy dit in die drama gelees het.

- A Wilma het slegs blyplek aan Binki gegee.
B Wilma was Binki se ma se beste vriendin.
C Wilma het altyd vir Binki probeer beskerm.

(1)

- 8.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.18.1.

(1)

- 8.19 Dink aan die slot van die drama.

- 8.19.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie drama het 'n (negatiewe/neutrale/positiewe) einde vir Lucky gehad.

(1)

- 8.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.19.1.

(1)

- 8.20 Gee TWEE redes waarom tieners van hierdie drama sou hou.

(2)

[40]**TOTAAL AFDELING D:****40****GROOTTOTAAL:****120**